# Klagte oor dwelmhandel teen 20 eers teruggetrek

**LIEZL SCHOLTZ**

DIE klagte van handel met dwelms is teen 20 mense, wat verlede jaar by 'n nagklub in Bloemfontein in hegtenis geneem is, voorlopig in die Bloemfonteinse landdroshof teruggetrek.

Die beskuldigdes teen wie die klagte teruggetrek is, is mnre. Bradley Uys (24), Eugene Damen (32), Peter van der Merwe (28), Dirk Lourens (30), Adriaan van der Berg (20), Michael Osborne (20), Arno Koen (19), Cobus Smit (19), Carel Smit (20), Jaco van der Merwe (19), mes. Johanna Vermeulen (25), Lisa Burger (20), Irene Norval (21), Natasha le Grange (20), mnre. Daniel du Plessis (24), Stephanus Ferreira (31), Willem van Zyl (28), André Grobler (24) en die twee minderjarige meisies wie se name nie bekend gemaak mag word nie.

Die oorblywende sewe beskuldigdes uit die oorspronklike groep van 27 mense wat wel vervolg gaan word, is mnre. Donald Constable (34), Ivor Jordaan (19), mej. Olivia Lucas (28), mnre. Daniel Plaatjies (39), Deon Reid (28), Kevin van der Ross (22) en James Dunn (23), almal van Bloemfontein.

Die verhoor van dié groep mense sal van 23 tot 27 Augustus in die Bloemfonteinse streekhof aangehoor word. Hulle sal in verband met 45 klagte van handel met dwelms, hoofsaaklik Ecstasy-tablette, verskyn.

Constable, Plaatjies, Reid en Dunn is sedert hul inhegtenisneming in Augustus verlede jaar in aanhouding.

Jordaan en Van der Ross is vroeër op borgtog van R5 000 vrygelaat, terwyl Lucas borgtog van R500 toegestaan is.

'n Nigeriese man wat van handel met dwelms verdink word, mnr. Vincent Eyike (28), het ook gister in die landdroshof in die stad verskyn.

Eyike moet weer op 23 Februarie in die hof verskyn en bly in die Grootvlei-gevangenis in aanhouding.